


**Week 3:**
**Om te dien...**

*Met hierdie reeks wil ons jou uitdaag om hard en eerlik sake in jou lewe in die oë te kyk en dapper genoeg te wees om jouself uit te daag om dieper te groei...*

At the heart of silence is prayer
At the heart of prayer is faith
At the heart of faith is life
At the heart of ife is service
Mother Theresa

**Inleiding** (Welcome)
Voltooi die sin: *"Ek serve want..."*

**Diens** kan vergelyk word met **customer service** in die besigheidswêreld. Wat leer ons oor hieroor by Richard Branson in die volgende clip: https://www.youtube.com/watch?v=Fy4lYDN1gz4

> ***Die onderhoud-voerder noem 7 sake wat hy by Richard Branson oor customer service leer. Met watter een kan jy die beste identifiseer?*** Motiveer jou antwoord.
>
> ***Wat sou dit in die kerk kon beteken as hy sê: "The customer experience is everything... and it begins with you!"***

**Bid eers saam** voordat julle saam uit die Woord lees

**Wat sê die Woord:** Lees **Johannes 13:1-17**

1. Wat het **jou getref** met die eerste lees van hierdie gedeelte? (*Gee vir elkeen kans om baie kort te noem wat hulle getref het. Vra ook, hoekom het dit jou getref?)*

2. Ons sien diens as werk, as 'n verpligting, as iets ekstra wat baie tydrowend is en defnitief nie vanself kom nie wat ons *moet* doen. Om te dien kom nie vir ons maklik en vanself nie. **Hoekom is dit vir jou moeilik om te dien?**

3. In **v 12-17** gee Jesus baie duidelik die opdrag dat ons mekaar se voete moet was of in ander woorde mekaar moet dien, omdat Hy vir ons die voorbeeld gestel het. Wat is daarom die **diepste motivering vir ons om te dien?**

4. Lees **Filippense 2:5-11**. Jesus se dien, was nie iets ekstra wat Hy kom doen het nie. Dit was deel van wie Hy was, deel van sy karakter en nie 'n spesifieke taak wat Hy kom uitvoer het nie. Maw Hy kon nie anders as om te dien nie, daarom was sy sterwe en doodgaan die hoogste vorm van dien. Ons sukkel om te dien, omdat dit vir ons soms te veel gevra is, te moeilik is, ons te jaloers op ons tyd is, ons net nie lus is nie, en dit ons uit ons gemaksone (comfort zone) uit wegneem. **Hoe gaan ons gesindheid (Fil 2:5) hieroor moet verander?**

5. ***Hoe kan ons die mense wat kerk toe kom beter dien?***

   Net dalk het ons hier 'n kans om dapper genoeg te wees om weer te begin dien! ***Waarmee kan jy dien?***

## **Aanbidding, toewyding** (Worship)

Om weer met God te waag, moet jy dapper genoeg wees om te dien

(1) Watter struikelblokke sal jy moet oorkom?

(2) Hoe sal jou gesindheid moet verander?

(3) Wat kan jy prakties doen in die kerk om te dien?

Gee aan elkeen in die groep die geleentheid om in stilgebed die Here te vra om met hierdie 3 sake hard en eerlik in ons lewens te werk. Die uitdaging is om die Here nou daarmee te vertrou. Is jy dapper genoeg daarvoor?

**Om te gaan doen** (Works)**:**

- As jy dapper genoeg is om eerlik met die Here te wees – dra jou **wristband**– en gee vir die groep jou rede waarom jy dit gaan doen

- Dalk het die Skrifgedeelte en die Heilige Gees jou **uitgedaag om in hierdie week 'n spesifieke saak in jou lewe aan te spreek**: deel dit met die groep as jy die vrymoedigheid het sodat julle vir mekaar kan bid

- Doen **week 3 van die BRAVE 40 days**

- Besluit hoe julle as **groep** mekaar hierin kan help